# BSc Kulinêre Wetenskap (02133320)

| | |
|---|---|
| **Minimum duur van studie** | 4 jaar |
| **Totale krediete** | 558 |

## Toelatingsvereistes

| Minimum vereistes | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Prestasievlak | | | | | | | | | | | | |
| Afrikaans of Engels | | | | Wiskunde | | | | Fisiese Wetenskap | | | | TPT |
| NSC/IEB | HIGCSE | AS-Level | A-Level | NSC/IEB | HIGCSE | AS-Level | A-Level | NSC/IEB | HIGCSE | AS-Level | A-Level | |
| 5 | 3 | C | C | 5 | 3 | C | C | 5 | 3 | C | C | 30 |

- Die volgende persone sal vir toelating oorweeg word: ‘n kandidaat wat oor ‘n sertifikaat beskik wat deur die Universiteit as gelykstaande aan die vereiste Graad 12-sertifikaat met toelating vir graaddoeleindes aanvaar word; ‘n kandidaat wat ‘n gegradueerde van ‘n ander tersiêre instelling is of die status van ‘n gegradueerde van so ‘n instelling geniet; en ‘n kandidaat wat ‘n gegradueerde van ‘n ander fakulteit van die Universiteit van Pretoria is.
- Lewensoriëntering word uitgesluit by die berekening van die Toelatingspuntteling (TPT).
- Graad 11-uitslae word gebruik vir die voorlopige toelating van voornemende studente. Finale toelating is gebaseer op Graad 12-uitslae.

Kandidate wat nie aan die minimum toelatingsvereistes van die BSc (Kulinêre Wetenskap)-program hierbo voldoen nie, mag oorweeg word vir toelating tot die BSc – Verlengde program hieronder. Die Verlengde Program neem 'n jaar langer om te voltooi.

| Minimum vereistes | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Prestasievlak | | | | | | | | | | | | |
| Afrikaans of Engels | | | | Wiskunde | | | | Fisiese Wetenskap | | | | TPT |
| NSC/IEB | HIGCSE | AS-Level | A-Level | NSC/IEB | HIGCSE | AS-Level | A-Level | NSC/IEB | HIGCSE | AS-Level | A-Level | |
| 4 | 3 | D | D | 4 | 3 | D | D | 4 | 3 | D | D | 24 |

## Ander programspesifieke inligting

'n Student moet al die minimum voorgeskrewe en keusemodules slaag soos uiteengesit aan die einde van elke jaar in ‘n program asook die totale aantal vereiste krediete behaal om te voldoen aan die betrokke graadprogramvereistes. Verwys asseblief na die kurrikulum soos uiteengesit. Ten minste 144 krediete moet op

300-/400-vlak wees, of andersins soos aangedui deur die kurrikulum. Die minimum modulekrediete wat nodig is om te voldoen aan graadvereistes word uiteengesit aan die einde van elke studieprogram. Met betrekking tot die BSc-programme soos aangedui sal ’n maksimum van 150 krediete op 100-vlak erken word.

’n Student mag in konsultasie met die Hoof van die Departement en in oorleg en met die toestemming van die Dekaan, voorgeskrewe modules volg of vervang met modules wat nie aangedui is in die BSc-driejaarstudieprogramme nie en wat die ekwivalent of die maksimum van 36 modulekrediete is. Dit is egter wel belangrik dat die totale aantal voorgeskrewe modulekrediete binne die loop van die graadprogram voltooi word. Die Dekaan mag in die verband, en op aanbeveling van die Departementshoof, afwykings goedkeur. Met betrekking tot die BSc-programme soos aangedui mag ’n student nie vir meer as 75 modulekrediete per semester op eerstejaarvlak registreer nie. ’n Student word slegs in oorleg met en met toestemming van die Dekaan toegelaat om te registreer vir 80 krediete in die eerste semester gedurende die eerste jaar indien die student ’n finale punt van nie minder nie as 70% vir Graad 12 Wiskunde en ’n TPT van 34 of meer behaal het vir die NSS.

Studente wat alreeds in besit van ’n baccalaureusgraad is, kan nie erkenning kry vir modules waarvan die inhoud oorvleuel met modules van die graad wat reeds toegeken is nie. Verder sal krediete ook nie vir meer as 50% oorweeg word nie vir krediete geslaag tydens studie vir ’n vorige onvoltooide graad. Geen krediete op die finale jaar of op 300- en 400-vlak sal goedgekeur word nie.

## Bevordering tot volgende studiejaar

'n Student word tot die volgende studiejaar bevorder mits hy of sy 100 van die vereiste krediete wat in 'n studiejaar voorgeskryf word, slaag tensy die Dekaan op aanbeveling van die departementshoof anders besluit. 'n Student wat nie aan die vereistes vir bevordering tot die volgende studiejaar voldoen nie, behou krediete vir die modules waarin hy of sy geslaag het, en mag deur die Dekaan, op aanbeveling van die departementshoof, tot hoogstens 48 krediete van die modules van die volgende studiejaar toegelaat word, mits dit by die lesing-/eksamenrooster inpas.

## Slaag met lof

Die graad word met lof toegeken aan ’n student wat in die ondergenoemde modules ’n geweegde gemiddelde van minstens 75% behaal het:

Resepontwikkeling en -standaardisering 413

Verbruikersaspekte van voedsel 417

Voedselnavorsingsprojek 480

Voedseldiensbestuur 420

Voedselwetenskap en -tegnologie 413

# Kurrikulum: Jaar 1

**Minimum krediete: 134**

**Minimum krediete:**

Fundamenteel = 12 Krediete

Kern = 122 Krediete

**Addisionele inligting:**

Studente wat nie kwalifiseer vir AIM 102 nie, moet vir AIM 111 en AIM 121 registreer.

## Fundamentele modules

Akademiese inligtingsbestuur 102 (AIM 102) - Krediete: 6.00
Akademiese inligtingbestuur 111 (AIM 111) - Krediete: 4.00
Akademiese inligtingbestuur 121 (AIM 121) - Krediete: 4.00
Language and study skills 110 (LST 110) - Krediete: 6.00
Akademiese oriëntasie 102 (UPO 102) - Krediete: 0.00

## Kernmodules

Bemarkingsbestuur 120 (BEM 120) - Krediete: 10.00
Biometrie 120 (BME 120) - Krediete: 16.00
Algemene chemie 117 (CMY 117) - Krediete: 16.00
Algemene chemie 127 (CMY 127) - Krediete: 16.00
Fisiologie 110 (FSG 110) - Krediete: 6.00
Fisiologie 120 (FSG 120) - Krediete: 6.00
Inleiding tot mikrobiologie 161 (MBY 161) - Krediete: 8.00
Molekulêre en selbiologie 111 (MLB 111) - Krediete: 16.00
Basiese voedsel voorbereiding 111 (VDS 111) - Krediete: 6.00
Basiese voedselbereiding 121 (VDS 121) - Krediete: 6.00
Wiskunde 134 (WTW 134) - Krediete: 16.00

# Kurrikulum: Jaar 2

**Minimum krediete: 144**

**Minimum krediete:**

Kern = 144 Krediete

## Kernmodules

Inleiding tot proteïne en ensieme 251 (BCM 251) - Krediete: 12.00
Koolhidraatmetabolisme 252 (BCM 252) - Krediete: 12.00
Lipied-en Stikstofmetabolisme 261 (BCM 261) - Krediete: 12.00
Biochemiese beginsels van voeding en toksikologie 262 (BCM 262) - Krediete: 12.00
Verbruikersgedrag 212 (BEM 212) - Krediete: 16.00
Beginsels van voedselprosessering en -preservering 260 (FST 260) - Krediete: 12.00
Bakteriologie 251 (MBY 251) - Krediete: 12.00
Voedselmikrobiologie 262 (MBY 262) - Krediete: 12.00
Verbruikersfasilitering 222 (VBF 222) - Krediete: 8.00
Voedselprodukte en -bereiding 210 (VDS 210) - Krediete: 18.00
Voedselprodukte en -bereiding 221 (VDS 221) - Krediete: 18.00

# Kurrikulum: Jaar 3

**Minimum krediete: 140**

**Minimum krediete:**

Kern = 140 Krediete

## Kernmodules

Voedselchemie (1) 351 (FST 351) - Krediete: 18.00
Voedselchemie (2) 352 (FST 352) - Krediete: 18.00
Voedseldiensbestuur 321 (VDB 321) - Krediete: 18.00
Voeding 311 (VDG 311) - Krediete: 17.00
Voeding tydens lewenssiklus 321 (VDG 321) - Krediete: 17.00
Verbruikersvoedselnavorsing 310 (VDS 310) - Krediete: 21.00
Grootskaalse voedselproduksie en restaurantbestuur 322 (VDS 322) - Krediete: 31.00

# Kurrikulum: Finale jaar

**Minimum krediete: 178**

**Minimum krediete:**

Kern = 178 Krediete

**Addisionele inligting:**

OPI 400: (Praktykopleiding in die industrie): Studente moet gedurende die vier (4) jaar van studie, gedurende vakansietye, oor naweke en nauurs, ’n totaal van 480 ure praktykopleiding in die industrie doen om praktiese en bedryfsvaardighede te ontwikkel, deel te neem aan gemeenskapsontwikkeling en diensleer te verskaf. Dit is gelykstaande aan 3 weke x 40 uur (120 uur) per jaar, volgens die vereistes soos bepaal deur die departementshoof. Hierdie opleiding moet suksesvol voltooi wees tesame met bewys-lewering van ’n volledige portefeulje alvorens die graad toegeken sal word. Let wel: Hierdie praktiese en industrie-aktiwiteite ondersteun die teoretiese komponente van VDS 414, VDS 424, VDS 413 en FST 413 en vind naure plaas ten einde praktiese en industrievaardighede te ontwikkel.

## Kernmodules

Sintuiglike evaluering 412 (FST 412) - Krediete: 10.00
Praktykopleiding in die industrie 400 (OPI 400) - Krediete: 5.00
Navorsingsprojek 400 (VBR 400) - Krediete: 30.00
Voedseldiensbestuur 420 (VDB 420) - Krediete: 21.00
Resepontwikkeling en standaardisering 413 (VDS 413) - Krediete: 30.00
Fyn kookkuns 414 (VDS 414) - Krediete: 22.00
Fyn kookkuns 424 (VDS 424) - Krediete: 22.00

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.